

Tuisgemaakte Mengsels.

Asblikke

Higiëniese asblik

Hou 'n asblik higiënies deur die boom met kalk en ammoniak te besprinkel.

Reukvrye asblik

Plaas motballetjies in 'n asblik om onaangename reuke te verwyder.

Besems

Besem se hare

Maak die besem se hare weer styf deur die besem in 'n oplossing van 1 eetlepel sout en 4 liter water te plaas.

Laat besem langer hou

'n Besem sal langer hou as dit in 'n mengsel van 1 deel roulynolie en twee dele paraffien geweek word.

Badkamer

Badsout.

150 g growwe sout

50 g koeksoda

50 g boraks

10 - 15 druppels roosgeur-olie

gedroogde roosknoppies

groot mengbak.

Plaas al die droë bestanddele in die mengbak, sprinkel die geur-olie eweredig daaroor en meng dit goed, jy kan in hierdie stadium nog 'n paar druppels van die olie byvoeg as jy 'n sterker geur verkies. Laat 'n kort rukkie staan sodat enige klammigheid kan verdamp en meng die droë roos knoppies liggies by. Bêre die badsout in 'n lugdigte houder.

Glasware

Vaas-vlekke

Raak ontslae van watervlekke in 'n glas-blomvaas met hierdie goedkoop wenk. Frommel klam koerantpapier op en druk dit lossies in die vaas. Laat oornag staan en spoel net die volgende oggend met seepwater uit. Die vlekke het verdwyn.

Insekte en goggas

Meerdoelige goggaspuitmiddel

Druk drie groot ongeskilde knoffel huisies fyn (versap in voedselverwerker) en voeg by:

90 ml aptekersparaffien plaas in 'n bak, bedek en laat staan vir 24 uur

15 ml smelt gerasperde kombuisseep in 2 koppies warm water

Meng die twee vloeistowwe saam, laat afkoel syg deur in 'n glasfles verseël en bewaar in die yskas. Verdun 30 ml van die oplossing met 2 liter water. Bespuit elke 2 weke.

Plante

Basiese Jeyes Fluid-spuitmiddel

5 lt water

10 ml Kelpac

5 ml Jeyes Fluid

5 ml opwasmiddel

5 ml Engelse sout (opgelos in bietjie warm water)

Meng deeglik en bespuit plante gereeld een maal per week om siektes te verhoed.

Meerdoelige goggaspuitmiddel

Druk drie groot ongeskilde knoffel huisies fyn (versap in voedselverwerker) en voeg by:

90 ml aptekersparaffien plaas in 'n bak, bedek en laat staan vir 24 uur

15 ml smelt gerasperde kombuisseep in 2 koppies warm water

Meng die twee vloeistowwe saam, laat afkoel syg deur in 'n glasfles verseël en bewaar in die yskas. Verdun 30 ml van die oplossing met 2 liter water. Bespuit elke 2 weke.

Rooipeperspuitmiddel

Kap 1 groot ui en 1 heel knoffel, albei met skil. Prut 20 minute lank met 15 ml rooipeper in 1.5 liter water. Laat dit afkoel en syg in bottels Deur. Verseël en laat 6 weke staan. Meng 15 ml van die mengsel met 750 ml water en spuit doeltreffend teen ruspes.

Roos Cocktail

10 liter water

3 Teelepels Asyn

3 Teelepels Liquid seep

1 Teelepel Funginex of Dithane

1 Teelepel Dursban 2 E of Aphicide

3 Teelepels Nitrosol of Kelp of Seagro

Meng goed en spuit totdat die blare klam is, anders vorm dit druppels en loop van die blare af. Kan elke 2 weke herhaal word.

Semels teen slakke

Hou slakke weg van jou kosbaarste plant deur semels rondom die plant te strooi.

Skoonmaak middels

Maak Skoon Met Suurlemoen

- Vryf koper met 'n halwe suurlemoen wat in sout gedoop is, spoel deeglik af en laat droog word vir 'n skitterblink resultaat.
- Glasware wat met suurlemoen uitgespoel word, sal pragtig blink.
- Verwyder hardnekkige vlekke in 'n bad of wasbak met 'n mengsel van suurlemoen en sout.
- Kook suurlemoen in aluminiumpotte en -panne om van vlekke ontslae te raak.

Vadoeke

Rafel vrye afdroogdoeke

Doop afdroogdoeke in 'n flou styseloplossing dan sal daar nie rafeltjies agterbly op glase nie.

Sagte absorberende vadoeke

Nuwe afdroogdoeke moet in koue water, waarin 'n halwe pakkie Engelse sout opgelos is, geweek word. Dit maak die doeke sag en absorberend.

Om vadoeke te bleik

Om vadoeke goed te bleik, kook dit saam met suurlemoenskilte in water.

Vlekke

Grasvlekke

'n Grasvlek kan verwyder word deur dit liggies met bloekomolie te vryf.

Lastige lipstif merk

Raak ontslae van 'n lipstifmerk op 'n kledingstuk deur die kol met petroleumjellie te vryf voordat jy dit was.

Tee/koffie vlekke

Tee- en koffievlekkie kan van koppies en bekere verwyder word deur die merke met tandepasta te vryf en dan deeglik of te spoel.